**6 Junie**

Skrifgedeelte: Spreuke 15
Fokusgedeelte: Spreuke: 15:13 en 15

# Dien die Here met gejubel

Die nou al bekende Jabes (1 Kron 4:10) se moeder kla dat sy hom met smart gebaar het. Smartvrate wat nie anders na die lewe kan kyk as deur hierdie doodsbril nie.

Met 'n gesug en 'n gekreun murmureer smartvrate oor alles, dis muf, bedenklik, aansteeklik, maar so 'n lewensingesteldheid kom nie van God nie. God het alles mooi gemaak, baie goed, maar die sondeval het alles kom sleg maak, en sommiges bedruk. Daar's lanferlappies op sulkes se geloof vasgewerk – ek rou! Al die smart maak my bedruk! As hulle na 'n drinkglas kyk, is dit altyd half leeg.

Die Heilige Gees wil op gewoon menslike wyse ons lewensfilosofie verruim, ons gedagtewêreld verruim, ons emosie bietjie tot bedaring bring, ons visie gee op die wolke en ware wysheid leer van Hom wat die wolke geskep het.

God wil dat ons straal: "*in weelde en ongeluk, altyd sal ek die Here prys* ..." Straal van vergenoegdheid, voorregte, blymoedigheid, 'n heilige lewe ... Die lewe is nie 'n uitgerekte begrafnis nie, maar die begin van 'n ewige fees. Vra bietjie jou huismense wat hulle van jou dink: Is jy 'n Optimis of Pessimis?

Psalm 100 vra dat ons die Here met gejubel moet dien. Dis nie oppervlakkig of ligsinnig nie, maar opreg met oorgawe, altyd op soek na nuwe toepassingsmoontlikhede wat jou sal laat borrel van opgewondenheid.

Mag God jou gesig van lewensblyheid laat straal!

Sing: Psalm 34:1, 2 (1936)

Ds PK Lourens (Bloemfontein)